

Die dag van afrekening kom!

Mense het gevra: Is dit die moeite werd om die Here te dien (3:14)? Is dit die moeite werd om jou kruis op 'n smal weg te dra en in 'n lewenslange stryd met die sonde te tree? In die lig van hierdie laaste verse van Maleagi, is dit beslis. Die dag van die Here kom! Aan wie word die waarskuwing gerig? Die goddelose wêreld? Nee, aan Juda! Binne die verbondsvolk is daar mense wat verlore gaan omdat hulle dink dit is nutteloos om God te dien. Jesus waarsku ook dat daar op die oordeelsdag mense sal wees wat meen dat hulle die ewige lewe behoort te ontvang, maar weens skynheiligheid die verdoemenis sal ingaan (vgl. Matt 25:1-12). Jesus waarsku dat nie elkeen wat vir Hom sê Here, Here in die koninkryk van die hemel sal ingaan nie (Matt 7:21-23).

Die deurtastende vraag aan elkeen van ons is dus: Staan jou naam net op die lidmaat- register van die kerk, of is jou naam in boek van die lewe opgeskryf? Die Here waarsku betyds omdat Hy voldoende geleentheid vir bekering gee (2 Pet 3:9). Hy het nie behae in die dood van die sondaar nie. Die oordeelsdag kom en hy brand soos 'n oond vir die goddelose, maar vir die kind van die Here bring dié dag die son van redding met genesing in sy strale.

Sing: Skrifberyming 45:1,8,9 Ds. DJ. de Kock (Pietersburg-Suid)